VOETSLAANKLUB-STELLENBOSCH

ALGEMENE INLIGTING en PROGRAM: Eerste semester 2020

[A] Algemene inligting (bl. 2-5)

1. Algemene klubinligting
   1.1 Digitale platforms
   1.2 Affiliasie
   1.3 Bestuur 2019/2020
   1.4 Lidmaatskap
   1.5 Fooie en betalings
2. Algemene inligting oor klub se (dag)stappe
   2.1 Logistieke reëlings
   2.2 Gradering van stappe
   2.3 Permitstappe
3. Gedragskode en bepalings vir stappers
   3.1 Algemene gedragskode
   3.2 Addisionele bepalings t.o.v. naweek- en langer stappe
4. Inligting oor “Wild Card”
5. Noodnommers en nuttige kontaknommers

[B] Program: eerste semester 2020 (bl. 6-11)

Datum	*Tipe*	*Beskrywing*
Jan 11 (Saterdag)	Dagstap	Tweede Waterval, Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)
Jan 18 (Saterdag)	Dagstap	De Kelders na Grotto (Hermanus)
Jan 25 (Saterdag)	Dagstap	Myburghs Ravine, Tafelberg (Kaapstad)
Feb 1 (Saterdag)	Dagstap	Pearly Beach na Franskraal (Gansbaai)
Feb 8 (Saterdag)	Dagstap	Disa-stap, Tafelberg (Kaapstad)
Feb 15 (Saterdag)	Naweek	BTK-hut (Hermanus)
Feb 22 (Saterdag)	Dagstap	Rock Hopper, Bainskloof (Wellington)
Feb 29 (Saterdag)		Jaarvergadering
Mrt 7 (Saterdag)	Dagstap	Kogelberg, Palmiet (Kleinmond)
Mrt 14 (Saterdag)	Dagstap	Agter-Bergrivierdam (Franschhoek)
Mrt 21 (Saterdag)	Naweek	Koningskop (Citrusdal)
Mrt 28 (Saterdag)	Dagstap	Boschendal (Franschhoek)
Apr 4 (Saterdag)	Dagstap	Rooiheuwel-Noord (Botrivier)
Apr 10-13 (Paasnaweek)	Naweek	Zoo Ridge (suidelike Sederberge)
Apr 18 (Saterdag)	Dagstap	Grabouw Country Klub (Grabouw)
Apr 23-30	Langstap	Strandloper-wandelpad (Oos-Kaap)
Mei 1-3		Geen klubstap - afnaweek
Mei 9 (Saterdag)	Dagstap	Klein Drakensteinkop (Paarl)
Mei 16 (Saterdag)	Dagstap	Assegaaibosch Natuurreservaat (Stellenbosch)
Mei 23 (Saterdag)	Dagstap	Skeleton Gorge, Tafelberg (Kaapstad)
Mei 30 (Saterdag)	Dagstap	Myrtle Grove Estate, Sir Lowry’s Pass (Somerset-Wes)
Jun 6 (Saterdag)	Dagstap	Victoriapiek, Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)
Jun 13-16	Langstap	Philipskop (Stanford)
Jun 20 (Saterdag)	Dagstap	Paardekop (Franschhoek)
Jun 27 (Saterdag)	Dagstap	Italiaanse Kruis, Miaspoort, Du Toitskloof (Paarl)

[A] ALGEMENE INLIGTING

1. Algemene klubinligting

1.1. Digitale platforms

Webwerf: www.stb-voetslaan.co.za
Facebook: www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2. Affiliasie

Die klub is lid van die Voetslaanorganisasie van Suidelike Afrika (VOSA). Vir meer inligting besoek hulle webwerf by hosavosa.co.za.

1.3. Bestuur 2019/2020

Portefeulje	*Naam*	*Foon (H)*	*Foon (sel)*	*E-pos*
Voorsitter	Kosie Smit	087 897 0749	073 537 8809	jhs@sun.ac.za
O/voorsitter & stap-programkonvenor	Pieter Janse van Rensburg		083 445 2773	pjjvr@sun.ac.za
Sekretaresse	Annalene Sadie		083 388 8266	annasadie101@gmail.com
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689 8102	klausvp51@gmail.com
Facebook	Mina Redelinghuys		083 225 8188	mina.redelinghuys@gmail.com
Ledesake	Frederik Stapelberg	021 903 3775	084 490 7960	fstapelberg@geoscience.org.za
Webwerf	Delene Pretorius		084 654 3888	dp2@sun.ac.za
Sosiaal	Aretha du Rand		082 452 3445	arethadurand@gmail.com

1.3.1. Bestuursvergaderings

Enige klublid wat ’n saak op die agenda wil plaas kan aan een van die bestuurslede kennisgee.

1.4. Lidmaatskap

Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met die klub stap, bloot om hulself te vergewis van die groep en of hulle gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens. Daarná kan hulle aansoek doen om by die klub aan te sluit. Vir aansoek om lidmaatskap, kontak die bestuurslid vir ledesake, of alternatiewelik die klubsekretaresse.

1.5. Fooie en betalings

1.5.1. Ledegeld

Ledegeld vir die 2020-kalenderjaar beloop R130-00 per persoon.

1.5.2. Besoekersfooi vir nie-lede

Nie-lede betaal R30-00 per persoon per stapgeleentheid.

1.5.3. Saamryfooi

Die saamryfooi is R1-00 per km per persoon. Bestuurders van motors tydens naweekstappe en langer stappe kan by berekening van kostes ’n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.5.4. Betalings

- Bankbesonderhede:
  Voetslaanklub Stellenbosch, Nedbank spaarrekeningnommer 200 540 2354, takkode 107 110
- As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.

- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening gedoen word. Stuur asseblief ’n bewys van énige betaling per e-pos aan die tesourier (Klaus by klausvp51@gmail.com) met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir brandstof- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. Plekke kan dus nie vir ’n stap gereserveer word vir lede wat nie voor of op die sperdatum betaal het nie.

2. Algemene inligting oor klub se (dag)stappe

2.1. Logistieke reëlings

Aspek	*Reëling*
Vertrekpunt:	By die parkeerarea voor die Visuele Kunstegebou in Victoriastraat (in Stellenbosch oorkant die Konservatorium). In gevalle van alternatiewe reëlings sal dit op die program aangedui word, of deur die stapleier gekommunikeer word.
Aanmeldtyd:	Normaalweg 07:00, maar raadpleeg die program vir elke individuele stap.
Klerasie:	Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.
Spys en drank:	Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed (aanbevole minimum van 2 liter). Op dagstappe is daar gewoonlik ’n teetyd en ’n middagete.
Noodhulp:	Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens. te verskaf nie. *NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv. bysteek, hooikoors, ens.)*
Noodnommer:	Die telefoonnommer van ’n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.
Vervoer:	Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word ’n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program). L.W. Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet die betrokke stapleier vooraf daarvan in kennis stel (vir dagstappe op Saterdae op die laatste teen 18:00 op die Vrydagaand). Verskaf asb. ook ’n telefoon-nommer (verkieslik selfoon) indien jy ’n e-pos stuur.

2.2. Gradering van stappe

Stappe word gegradeer volgens moeilikheidsgraad en dit word aangedui met ’n syfer-letter-kombinasie, bv. 2A of 3B volgens die volgende indeks:

Moeilikheidsgraad		*Blootstelling aan hoogte*	
Simbool	*Betekenis*	*Simbool*	*Betekenis*
1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om ’n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes

2.3. Permitstappe

Wanneer ’n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net ’n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit noodsaaklik om minstens ’n week vooraf met die betrokke stapleier te skakel om seker te maak dat daar plek is op die stap (tensy ’n ander datum op die program verskyn).

L.W. Wanneer ’n persoon plek op ’n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

3. Gedragskode en bepalings vir stappers

3.1. Algemene gedragskode

- Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur ’n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van ’n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag ’n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie ’n roete sal kan voltooi nie.
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap word ’n addisionele stapleier aangewys wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd ’n persoon se toerusting nagaan. ’n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem ’n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies wanneer gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat ’n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor medestappers op.
- Voetslaan is ’n voorreg: moet dit nie misbruik nie.

3.2. Addisionele bepalings ten opsigte van naweek- en langer stappe

- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan rugsakke voor ’n stap weeg en ’n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet ’n volgelaaide sak nooit meer as ’n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep ’n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

4. Inligting oor "Wild Card"

Daar is heelwat stappe waar die stap- en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien die stapper oor 'n sogenaamde "Wild Card" beskik. Die Wild Card-program is 'n gesamentlike inisiatief van Cape Nature, SANParke, Msinsi Resorts, EKZN Wildlife en Big Game Parks of Swaziland.

- Vir meer inligting of om aansoek te doen, besoek die webwerf www.sanparks.org/wild/ of www.wildcard.co.za

N.B. Dit is die verantwoordelikheid van 'n stapper om te sorg dat sy/haar Wild Card geldig is voordat hy/sy vir 'n stap bespreek waarvoor 'n Wild Card-nommer gebruik kan word. Indien 'n persoon se Wild Card nié opbetaal is nie, het die stapleier nie 'n ander keuse as om die volle fooi van die stapper te verhaal nie.

5. Noodnommers en nuttige kontaknommers

Kontaknommer	*Instansie*
021 937 0300	Wildernis Search and Rescue (WSAR)
10177	Metro Ambulansdiens
021 483 0190	Cape Nature *Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer.*
112	Nasionale sellulêre noodnommer
0861 555 777	24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.)

[B] PROGRAM: Eerste semester 2020

11 Januarie	**DAGSTAP: Tweede Waterval, Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	± 12 km
Ryafstand:	geen	Brandstofbydrae:	geen
Aanmeldtyd:	08:00 by hek	Stapkoste:	R50 of geldige Wild Card
Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier; meld dan ook Wild Card se nommer		
Stapleier:	Mientie Holtzhausen	021 887 1651 of 083 280 1651, holtzhau@sun.ac.za	
Ons parkeer ons motors by Witbrug en stap deur die pragtige kloof langs die Eersterivier tot by die tweede waterval en terug. Hoed en sonskerm noodsaaklik.			

18 Januarie	**DAGSTAP: De Kelders na Grotto (Hermanus)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	18 km
Ryafstand:	132 km x 2	Brandstofbydrae:	R264
Stapkoste:	R50 of Wild Card	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Hans Knoetze	028 316 3906 of 082 554 1254, hk1@remgro.com	
Aanmeldtyd:	06:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:00, óf ongeveer 08:00 by die eerste parkeerarea by Grotto		
Afhangende van die rigting waarvandaan die wind waai, sal ons óf van die mond van die Kleinrivier by Hermanus af, óf van Die Kelders af begin stap. Ons stap die heelpad seelangs en sal onder andere by Galjoenbank, Voorsteklip en Sopiesklip verbystap. Sonskerm is noodsaaklik.			

25 Januarie	**DAGSTAP: Myburghs Ravine, Tafelberg (Kaapstad)**		
Gradering:	3C	Stapafstand:	± 12 km
Ryafstand:	65 km x 2	Brandstofbydrae:	R130
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Louise van der Merwe	021 880 1875 of 082 492 4293 (na-ure)	
Aanmeldtyd:	06:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:00		
Van die Suikerbossie restaurant af stap ons na Myburgh-kloof en met die kloof op na Judaspiek. Hiervandaan gaan ons in die Llundudno-kloof af en oor Houtbaai-hoek terug na die motors. Maak asb. seker dat jy genoeg drinkwater saamdra!			

Sondag 2 Feb	**Dagstap: Steenbrasrivier en Crystalpoele (Gordonbaai/Rooi-Els)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	10 km
Travelling distance:	30 km x2	Brandstofbydrae:	R60
Stapkoste:	R70	Bespreking:	teen 17 Januarie, betaling in die klub se rekening teen 20 Januarie
Aantal plekke:	Hierdie is ‘n permitstap vir 10 persone		
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by die gebruiklike plek in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Stappers sal vooraf verwittig word rakende die bobbejaan status – indien rooi is dit raadsaam dat geen kos saam gedra word nie. *Ons stap vanaf Steenbrasmond in die pragtige kloof met sy hoë rotswande op tot by die eerste poel. Na ‘n lekker afkoel stap ons verder tot by die tweede poel. Hier gaan ons heerlik ontspan en hopelik middagete geniet terwyl ons ons verlustig in die pragtige plantegroei en watervalle in die kloof. Die avontuurlustiges wat nie skrik vir die boendoes nie kan selfs verder stap totdat die bopunt van die kloof bereik word. Onthou die swemklere.*			

8 Februarie	**DAGSTAP: Disa-stap, Tafelberg (Kaapstad)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 12 km

8 Februarie	**DAGSTAP: Disa-stap, Tafelberg (Kaapstad)**		
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Alet Louw	021 461 1649 of 073 689 5752, alettamail@gmail.com	
Aanmeldtyd:	06:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:00		
Ons begin stap om 08h00 by Constantianek. Ons stap verby die 5 damme op Tafelberg en volg die kloof op na die akwaduk waar oral disas behoort te wees. Hierna volg ons die Smutswandelpad via Skeleton Gorge na Kirstenbosch. Vervoer word gereël om bestuurders terug te neem na Constantianek.			

15-16 Februarie	**NAWEEKSTAP: BTK-berghut omgewing (Hermanus)**		
Gradering:	1B/2C/3C	Stapafstand:	1B – 5 km 2C – 5,5 km 3C/4C – 6,5 of 7,5 km
Ryafstand:	120 km x 2	Brandstofbydrae:	R240
Stapkoste:	geen	Aantal plekke:	24 maksimum
Bespreking:	Teen Donderdagaand 6 Februarie by stapleier. Bestuurders moet voertuie se registrasienommers deurgee.		
Stapleier:	Frederik Stapelberg 084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za		
Oornagkoste:	± R60 p/p vir maksimum 24 persone in die BTK se hut. Stuur asb. bewys van betaling aan die tesourier (klausvp51@gmail.com) met “cc” aan die stapleier.		
Aanmeldtyd:	7:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		

Die plan met die stap is ’n luilekker kuierdag in die pragtige kloof noord van die BTK se berghut 10km buite Hermanus op die pad na Gansbaai. Die hut is nie oop vir die algemene publiek nie en word goedgunstiglik deur die BTK vir ons gebruik beskikbaar gestel deur kontak met een van ons lede wat aan die oud-BTK Bond behoort.
Ons parkeer ons voertuie by die parkeerarea naby die teerpad en stap daarvandaan met ons vol rugsakke na die BTK berghut – ’n redelik maklike stap van ongeveer ’n halfuur – na die oornaghut in die kloof. Aangesien ons beplan om die aand ’n braaivleis te hou, kan hout, kos, drinkgoed ens. vir die aandete hier afgepak word voordat ons met dagsakke en peusel- en drinkgoed ons stap in die kloof op voortsit. Die stap vanaf die hut tot by die poel aan die voet van die waterval binne die kloof is baie mooi maar kort (naastenby 15 minute). In die poel kan diesulkes wat wil swem so maak (onthou swembroeke!) – hierdie behels die 1B stap.
Vanaf die onderste poel kan dié wat effens meer waagmoedig is die drie permanent gespande toue aandurf na die kleiner poel hoër in die kloof op (die res wag by die onderste poel óf draai terug na die hut). Daar is nie noemens-waardige blootstelling aan hoogtes of afgronde nie – die toue is eintlik maar om te verhoed dat mense gly op die glibberige los grond teen die helling. Aan die bo-punt van die laaste van die toue is ’n effens kleiner poel waarin ook geswem kan word – hierdie behels die 2C stap.
Bokant die boonste poel kan steeds verder in die kloof op beweeg en geklim word. Hier is egter geen hulp meer van toue nie en die topografie is steil; dié deel is dus net geskik vir die waagmoediges wat ook goed klimfiks is (die res wag by die boonste poel óf draai terug na die hut). Afhangend van die deelnemers kan ons besluit om noord op in die kloof te klim (’n ver klim tot ’n piek op ’n hoogte van 943 meter) óf om oos in die kloof op te klim (’n effens korter klim tot ’n piek op ’n hoogte van 639 meter).
Die afstande hierbo aangedui vir die verskillende roetes is nie werklik vreeslik relevant nie aangesien veral vir die 2C en 3C stappe baie tyd gebruik sal word om oor relatief kort afstande te beweeg. ’n Redelike skatting van die tyd benodig vir die stappe vanaf die berghut (swemtyd uitgesluit) is soos volg:
1B stap – 0,5 uur
2C stap – 1,5 uur
3C stap – 5 ure (of meer afhangend van watter roete-opsie ons besluit om te kies)

Vir lede wat die 1B en 2C roetes aandurf en na die hut terugkeer is daar ook nog die opsie om ’n addisionele 1B roete in die omgewing van die hut – maar laer of in die vallei – te stap en dalk by ’n nog groter poel laer af in die vallei verder te swem.
Ons hou die aand braaivleis by die hut – ons sal dus die eerste deel van die stap (tot by die hut) hout, vleis en kos vir die aand moet saamdra en sal ook die volgende oggend al ons vullis vanaf die hut moet terugdra na ons motors.
Ons slaap die aand in die hut – waar matrasse voorsien is, maar lede hulle eie slaapsakke moet saambring. By die hut is wel warm water en ligte wat deur sonpanele verskaf word asook ’n toilet. Ons sal ook eetgerei, potte en

15-16 Februarie	**NAWEEKSTAP: BTK-berghut omgewing (Hermanus)**
panne, lopende (drink)water, sowel as 'n 2-brander gasstoof tot ons beskikking hê. *Ons beplan om die volgende oggend na laat opstaan en ontbyt teen naastenby 10:00 die hut te verlaat en dan vir 'n heerlike seekos-middagete (vanaf 12:00-15:00) die De Vette Mossel Restaurant net buite Hermanus te besoek (R320/persoon – eet soveel as wat jy kan).* *Die lede wat wel belangstel in die Sondagmiddagete, moet Frederik so gou moontlik laat weet sodat hy die getalle vir die bespreking by De Vette Mossel vroegtydig kan vasmaak en bespreek.* *Lede wat net die Saterdag wil saamstap en nie Saterdagaand wil oorslaap nie is welkom, maar sal steeds die oorslaapfooi van R60/persoon moet betaal aangesien die hut aan die klub as geheel uitgeboek word en ons steeds die oornagfooi per persoon moet betaal.*	

22 Februarie	**DAGSTAP: Rock Hopper, Bainskloof (Wellington)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 7 km
Ryafstand:	65 km x 2	Brandstofbydrae:	R130
Stapkoste:	R40 of Wild Card	Aantal plekke:	permitstap vir 12 persone
Bespreking:	teen 9 Februarie by stapleier; meld dan ook Wild Card se nommer		
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Die heen-en-weer roete begin by "Corner Lodge" by Eerste Tol in Bainskloof. Die roete deur en langs die Witterivier varieer tussen stap, "boulder hopping" en swem (indien die rivier baie vol is) deur die rivierpoele. Hoë geelhoutbome kom tussen die plante langs die rivier voor. Ons vorder tot 'n groot poel vir 'n vroeë middagete en stap dan dieselfde pad terug. Alhoewel die afstand kort is, neem dit ongeveer 6 uur om te voltooi. Swemklere is 'n goeie idee.			

29 Februarie	**Algemene Jaarvergadering**

7 Maart	**DAGSTAP: Palmietrivier, Kogelberg Natuurreservaat (Kleinmond)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	10 km
Ryafstand:	65 km x 2	Brandstofbydrae:	R130
Stapkoste:	R50 of Wild Card	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Cynthia Slattery	021 882 9442 of 072 246 1902, slathome@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons stap van die kantoor se parkeerarea by Oudebosch af al langs die Palmietrivier tot waar dit by die Louws- en Dwarsriviere aansluit. Ons draai hier om en keer met dieselfde pad na die beginpunt terug. Helderblou poele maak die saambring van swemklere noodsaaklik.			

14 Maart	**DAGSTAP: Agter-Bergrivierdam (Franschhoek)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	±10-12 km
Ryafstand:	28 km x 2	Brandstofbydrae:	R56
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Die roete bied mooi uitsigte oor die dam en die Wemmershoekberge.			

21 Maart	**NAWEEKSTAP: Koningskop (Citrusdal)**	
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za
Tentatiewe inligting oor die beoogde stap is in 2019 aan klublede gestuur. Meer besonderhede sal so gou moontlik deurgegee word.		

28 Maart	**DAGSTAP: Boschendal (Franschhoek)**		
Gradering:	1A	Stapafstand:	5 km / 10 km / 12.5 km

28 Maart	**DAGSTAP: Boschendal (Franschhoek)**		
Ryafstand:	14 km x 2	Brandstofbydrae:	R28
Stapkoste:	R25	Bespreking:	teen Don 26 Mrt om 18:00 by Annalene
Besprekings:	Annalene Sadie	083 388 8266, annasadie101@gmail.com	
Stapleier:	Kosie Smit	073 537 8809, jhs@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:45		

- *5 km (groen RC roete): die sirkelroete begin by die kantoor (Trail Centre, 021 001 9401) en sluit in gedeeltes deur Die Werf groentetuin, vrugteboorde en woud. Ons loop ook verby kampe vir verskeie plaasdiere, met die rivier aan ons linkerkant vir gedeeltes van die roete. Die roete eindig weer by die kantoor.*
- *10 km (rooi RC roete): hierdie roete volg die groen roete tot min of meer by die halfpadmerk. Vandaaraf word die pad oor die rivier gevolg tot by 'n paadjie deur 'n bloekombos en fynbos, verby die Normandie en York damme. Ons kruis weer die rivier op dieselfde plek en volg dan die res van die 5km roete tot terug by die kantoor.*
- *12,5 km (swart 2,5 km uitbreiding): hierdie paadjie loop verder teen die heuwel deur die fynbos.*

Daar is geleentheid om ná die stap by die Deli iets te gaan drink en/of eet – die burger word sterk aanbeveel. Voorafbespreking by die Deli is nodig – laat weet dus asseblief ook teen Donderdag of jy die geleentheid wil benut en hoe ver jy wil stap.

4 April	**DAGSTAP: Rooiheuwel-Noord (Botrivier)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	±13 km
Ryafstand:	75 km x 2	Brandstofbydrae:	R150
Stapkoste:	R15 toegangsgeld	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Pieter Jv Rensburg	083 445 2773 (na-ure), pjjvr@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		

Die baie mooi stap is op 'n plaas by Botrivier agter Houwhoek op pad na Villiersdorp en bied vergesigte oor die Overbergse graanlande en pragtige fynbos onderweg. Ons stap aanvanklik met 'n steil opdraende tot by Seinheuwel (600m), en daarna met 'n sig-sag-kontoerpad tot by Wagtoringpiek op 'n hoogte van 850m, wat 'n lieflike amperse 360° uitsig bied – die ideale plek vir middagete. Die terugtog neem ons weer tot by Seinheuwel, en vandaar afwaarts aan die anderkant van die kop as met die optog.

10-13 April	**NAWEEKSTAP: Zoo Ridge (suidelike Sederberge)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	wisselend
Ryafstand:	200 km x 2	Brandstofbydrae:	R400 (afhangend van saamryreëlings)
Koste:	±R500 p/p vir naweek (finale bedrag word bepaal deur die aantal persone)		
Aantal plekke:	10 persone (op voorwaarde dat ons twee 4x4's het om tot by die beginpunt te ry)		
Besprekings:	Mina Redelinghuys	083 225 8188 (na-ure), mina.redelinghuys@gmail.com	
	Besprekings open op 3 Februarie en betalings moet teen 6 Maart gedoen word.		

Ons vertrek Vrydag vanaf Stellenbosch na Zoo Ridge in die suidelike Sederberge waar ons die naweek in 'n huis op die plaas Zonderwater gaan bly. Volledig toegeruste kombuis, beddens met beddegoed, warm stort en handdoeke word voorsien. Bring swemklere om in die poele en swembad te swem en bring hout en roosters vir dié wat wil braai in die lapa. Ons sal Saterdag vroegoggend vertrek en ry na die beginpunt waar ons die rotsformasies en die Boesmantekeninge gaan verken. Ons sal ook stap na die uitkykpunt oor die Rietrivier se canyon. Dis die tweede-grootste canyon in Suid-Afrika. Sondagoggend gaan ons weer 'n ander roete stap waar ons die boog gaan sien en verskeie ander mooi rotsformasies en nog meer Boesmantekeninge. Hierdie roete is baie onbekend en slégs die groep wat die huis bespreek, mag op die plaas stap. Geen dagbesoekers word toegelaat nie.

18 April	**DAGSTAP: Grabouw Country Club (Grabouw)**		
Gradering:	2A/2B	Stapafstand:	±16 km
Ryafstand:	60 km x 2	Brandstofbydrae:	R120
Stapkoste:	R20 toegangsgeld	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Fay Pistorius	021 854 5959, 083 225 8188 (na-ure), faypistorius@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:15 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:30		

18 April	DAGSTAP: Grabouw Country Club (Grabouw)
Ons parkeer ons motors by die ingang van die Elgin/Grabouw Country Klub en stap na die Wesselsgatrivier. Ons stap met die suidelike oewer langs, steek die rivier oor en klim 'n kort entjie voordat ons oorgaan na die Keeromsrivier-vallei. Ons stap met die vallei af verby die Giants Washbasin-waterval waar die brawes kan swem, waarna ons terugkeer met die laer kontoerroete wat pragtige uitsigte bied op die Eikenhofdam. Op pad terug na die motors gaan ons verby die Country Klub – bring dus gerus 'n geldjie vir 'n koffie, tee of melkskommel en geniet die atmosfeer van hierdie restaurant.	

23-30 April	LANGSTAP: Strandloper (Oos-Kaap)
Bespreking:	Hierdie stap is voorheen reeds onder klublede se aandag gebring. Besprekings vir die stap het reeds gesluit. Addisionele laatslapers kan moontlik steeds geakkommodeer word, maar sal die stapbestuurder van die roete direk moet kontak om uit te vind of hulle steeds by ons stapgroep mag aansluit en sal eie vervoer moet reël (besprekings-nommer 2582; kontak Frederik vir besonderhede).
Stapkoste:	R900 (Die prys sluit in: toegang tot stap en akkommodasie tydens die stap en 1 nag voor begin van stap en 1 nag na die stap.) Addisionele kostes (verblyf tydens heen- en terugreis asook vervoerbydrae) is van toepassing.
Stapleier:	Frederik Stapelberg 084 490 7960, 021 903 5776 (h), fstapelberg@geoscience.org.za
Ons vertrek Donderdag 23 April van Stellenbosch na ons oornagplek (Rocky Road Backpackers) te The Crags. *Ons vertrek Vrydag 24 April van The Crags na die begin van die staproete te Keimond waar ons die nag van 24 April by die Keimond Enviro Sentrum Basiskamp oornag.* *Van Saterdag tot Dinsdag (25-28 April) stap ons die roete – 'n vierdag vol-rugsak roete met afstande per dag wat wissel tussen 9 en 22 km en 'n aantal rivierkruisings wat dit interessanter maak. Hut-akkommodasie word langs die roete verskaf en kos kan deur die dag langs die roete aangekoop word.* *Dinsdagmiddag word ons per "shuttle" teruggeneem na ons voertuie te Keimond waar ons weer in die Enviro Sentrum Basiskamp oornag.* *Woensdagoggend keer ons terug na Stellenbosch – met weer eens Woensdagaand 'n oornagslaap op pad terug te Rocky Road Backpackers, The Crags.* *Donderdagmiddag 30 April arriveer ons terug in Stellenbosch.*	

9 Mei	DAGSTAP: Klein Drakensteinkop (Paarl)		
Gradering:	3B	Stapafstand:	12 km
Ryafstand:	38 km x 2	Brandstofbydrae:	R76
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Mina Redelinghuys	083 225 8188 (na-ure), mina.redelinghuys@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:15 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:30, óf 07:50 op die plaas Olive Glen in die Paarl		
Ons parkeer ons motors op die plaas Olive Glen. Vandaar stap ons met 'n steilerwordende voetpaadjie teen die berg op tot bo-op 'n plato. Hier het ons 'n mooi uitsig op die Wemmershoekdam. Dan stap ons verby Leopard's Rock langs 'n rivier/moeras totdat ons die paadjie bereik wat regs afdraai na die piek. Hierdie paadjie is taamlik steil en vereis redelike fiksheid. Bo-op Klein-Drakensteinkop het ons 'n mooi uitsig oor Paarlberg, Kasteelberg, die Franschhoek-berge en Tafelberg in die verte. Baie mooi proteas en ander fynbos kom hier voor.			

16 Mei	DAGSTAP: Assegaaibosch Natuurreservaat (Stellenbosch)		
Gradering:	2B/2C	Stapafstand:	onseker, maar ± 5 ure
Ryafstand:	10 km x 2	Brandstofbydrae:	R20
Stapkoste:	R50 of Wild Card	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Cynthia Slattery	021 882 9442 of 072 246 1902, slathome@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	08:00 by ingang van Assegaaibosch Natuurreservaat en vertrek 08:15		
Die stap is 'n kombinasie van twee roetes. Die fynbos hier is pragtig. Ons begin stap vanaf die piekniekarea waar ons die motors parkeer. Dit is naby die toegangshek. Ons stap verby geboue tot by 'n paadjie aan die regterkant. Ons volg dan die paadjie tot by 'n pad wat teen die berg opgaan. Ons stap 'n rukkie teen die berg op tot by 'n klipbank waar ons stop om die wonderlike uitsig oor die vallei te geniet. Na 'n teebreek sak ons af na die ou natuurtuinarea, waar ons 'n sirkelroete stap met 'n paar oppe en affe. Sommige gedeeltes is klipperig. Langs die pad steek ons 'n paar			

16 Mei	**DAGSTAP: Assegaaibosch Natuurreservaat (Stellenbosch)**
stroompies oor en keer dan terug na die piekniekarea. Die sirkelroete gaan langs kabbelende stroompies verby en 'n verskeidenheid fynbos kan besigtig word.	

23 Mei	**DAGSTAP: Skeleton Gorge na Maclear's Beacon en af met kabelkar (Tafelberg)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 8 km
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	R75 vir Kirstenbosch, en R200 vir kabelkar (óf R50 indien senior burger met SA ID 60jr+)		
Bespreking:	teen Donderdag 21 Mei t.w.v. vervoerreëlings tussen sweefspoorstasie en Kirstenbosch		
Stapleier:	Delene Pretorius	084 654 3888 (na-ure), dp2@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Toegangshek by Kirstenbosch: stap deur die tuin om die roete te kry. Skeleton Gorge is 'n gewilde roete na die Agtertafel, aangesien stappers in die skadu van die beboste kloof bly. Die roete volg Smutspad na die kontoerpad en loop dan steil opdraand aan die linkerkant van die ravyn. Daar is lere wat stappers op 'n paar steil, rotsagtige plekke help. Die kloof maak bokant hierdie roete oop en kom op die Agtertafel uit. Hier draai stappers na regs vir Maclear's Beacon (die hoogste punt op Tafelberg: 1 085m) en dan volg die roete die paadjie na die Boonste Sweefspoorstasie om met die kabelkar na onder te beweeg.			

30 Mei	**DAGSTAP: Myrtle Grove Estate, Sir Lowry's Pass (Somerset-Wes)**		
Gradering:	1A	Stapafstand:	10 km
Ryafstand:	30 km x 2	Brandstofbydrae:	R60
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Marita Gey van Pittius	082 879 9172 (na-ure), maritagvp@mighty.co.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:45		
Ons parkeer ons motors op die werf van Ongegund Lodge op Myrtle Grove Estate en stap verby die plaasdamme en deur wingerde. Ons stap na die buurplaas False Bay Vineyards en loop by hulle mooi wynkelder verby tot op 'n koppie by 'n baken. Vandaar het ons 'n mooi uitsig oor die Helderberg-kom tot by Kaappunt. Ons volg 'n roete terug al langs Vergelegen Estate se lyndraad terwyl ons die hele tyd baie mooi uitsigte oor die berge en aangrensende plase geniet tot weer terug by Ongegund Lodge.			

6 Junie	**DAGSTAP: Victoriapiek, Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 23 km
Ryafstand:	15 km x 2	Brandstofbydrae:	R30
Stapkoste:	R50 of Wild Card	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Louise van der Merwe	021 880 1875 of 082 492 4293 (na-ure)	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons stap van Witbrug af via Panorama. Victoriapiek (1595m) is een van die hoogste pieke in die Jonkershoek-area. Ons gaan met die Kurktrekker-pad af en verby die twee watervalle na ons motors. Dalk is ons gelukkig en kry 'n bietjie sneeu?			

13-16 Junie	**LANGSTAP: Philipskop (Stanford)**	
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za
Meer besonderhede sal so gou moontlik deurgegee word.		

20 Junie	**DAGSTAP: Paardekop (Franschhoek)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	15 km
Ryafstand:	45 km x 2	Brandstofbydrae:	R90
Stapkoste:	R50	Bespreking:	teen Don 18 Junie by stapleier
Aantal plekke:	Hierdie is 'n permitstap vir 'n onbeperkte aantal persone.		
Stapleier:	Chris Denner	082 578 4176, chris.denner@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		

20 Junie	**DAGSTAP: Paardekop (Franschhoek)**
Ons parkeer bo-op Franschhoekpas en stap dan deur pragtige fynbos teen die hang van die Du Toitskop op tot by die uitsigpunt. Hier lê die hele Wemmershoekdam met die Olifantsrivier as voedingsbron aan ons voete. Ons stap hiervandaan so geleidelik teen die steiltes op met Adolfkop aan die eenkant en die Wemmershoekpiek aan die anderkant totdat ons die bo-punt van die 1 575m hoë Paardekop bereik. Hiervandaan ontvou die pragtige Bolandse berge voor ons met aan die een kant die Stettynskloofdam en Goudini-Sneeukop en die Brandvleiberge en die Theewaterkloofsdam en Groenlandberge aan die anderkant, met getroue ou Simonsberg en Tafelberg in die verte. Ons vertoef hier vir middagete terwyl ons ons verlustig aan die pragtige berglandskap voordat ons terugkeer na ons motors.	

27 Junie	**DAGSTAP: Italiaanse Kruis, Miaspoort, Du Toitskloof (Paarl)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 10 km
Ryafstand:	40 km x 2	Brandstofbydrae:	R80
Stapkoste:	R50	Bespreking:	teen 19 Junie by stapleier
Aantal plekke:	Hierdie is ’n permitstap vir 12 persone.		
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons stap in die ou Du Toitskloofpas al teen die hang van die berg uit totdat ons die bo-punt van Miaspoort bereik. Hiervandaan kan ons ons verlustig aan die pragtige Paarl-vallei wat aan ons voete lê. Aan die ander kant verkyk ons ons weer aan die DuToitskloofpas wat deur die berge kronkel. Ons stap verder deur pragtige fynbos en klim dan geleidelik teen Hugenootkop op totdat ons die kruis bereik wat op die 1 318m hoë spits staan. Hierdie kruis van vlekvrye staal is in 1983 opgerig deur die Paarlse gemeenskap. Die eerste houtkruis is in 1945 opgerig deur vier Italianers ter nagedagtenis aan die Italiaanse krygsgevangenes wat die DuToitskloofpas help bou het.			